



Drostdy is 'n Belewenis
Ons staan vir:
Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots

26 Januarie 2018

Geagte Ouers

Uit die Hoof se Kantoor

Ek wil graag vir elke Drostdyer 'n ongelooflike 2018 toewens. Aan die begin van verlede jaar het ek genoem dat 2017 'n groot jaar gaan wees vir Drostdy. Met die uitslae wat ons matrieks van 2017 vermag het, het dit net die kroon op al ons prestasies gespan. Ek dan dus nou met 'n geruste hart noem dat 2017 een van die goeie jare op alle gebiede by Drostdy was.

Ek glo dat 2018 nog 'n groter jaar gaan wees vir Drostdy en wil die volgende by u laat:

"We are what we repeatedly do. Excellence, then, is not an act, but a habit." – Aristotle

Drostdy - kom ons maak 2018 'n jaar waar "excellence" ook vir ons 'n gewoonte word.

Welgedaan aan die matrieks van 2017. Julle het ongelooflike uitslae opgedis en ons is saam met julle trots daarop.

Baie welkom aan al ons nuwe graad 8-leerders en hul ouers. Ek glo die volgende vyf jaar gaan vir u ook 'n belewenis wees. Dankie dat u so gou ingeskakel het. Ek glo die lekker kuier rondom die potjies gaan vir ons groot dinge voorspel vir die volgende vyf jaar. Baie dankie vir u moeite.

Vir die nuwe leerders van ander grade wat by ons aangesluit het, wil ek geluk en voorspoed toewens. Glo my u gaan gou agterkom dat Drostdy wel 'n belewenis is.

Vir die personeel wil ek net mooi wense toewens vir 2018. Ek glo dat hierdie jaar vir ons as span ook goed gaan wees. Ons is bevoorreg dat daar ook hierdie jaar nuwe personeel by ons aangesluit het. Baie welkom ook aan u.

Ek wil graag onder die ouers se aandag bring dat daar op Donderdag 8 Maart 2018 die geleentheid aan ouers gebied word om te dien op die skool se Beheerliggaam. Die verkiesing vind plaas op Donderdag 8 Maart 2018. Die proses sal baie duidelik aan almal verduidelik word deur skrywes wat nog gaan volg.

Ouers moet asseblief die belangrikheid van die verkiesing insien aangesien Beheerliggame vertrou word om besluite oor 'n verskeidenheid belangrike kwessies te neem, onder andere:

- * Die daarstel van die skool se toelatingsbeleid.
- * Die aanvaarding van die gedragskode van die leerders.
- * Die Beheerliggaam bepaal die skool se taalbeleid en godsdienstebeleid.
- * Die Beheerliggaam stel die skool se begroting op en administreer die skool se eiendom.

Wat belangrik is, is dat die Beheerliggaam die skoolhoof en personeel ondersteun om gehalte onderwys te verseker.

Die datum vir nominasies en voorstelle sal in die volgende nuusbrief aan u deurgegee word.

Ons het die afgelope twee jaar baie klem gelê op die ontwikkeling van die dogters in die skool en in die koshuis. Ons wil die momentum behou en daarom gaan ons sekere funksies hou om dit op 'n vlak te hou wat net by Drostdy gekry kan word.

Ons wil egter ook hierdie jaar baie meer fokus op ons seuns en jongmanne in die skool. Drostdy is nog altyd daarvoor bekend om goed opgevoede leerders die samelewing in te stuur - daarom dan ook die goeie naam daar buite. Ons gaan hierdie jaar met die seuns werk oor wat 'n ware man is. Daar is soveel verkeerde idees oor manlikheid en ons wil dit vanjaar aanspreek.

Party mense sê die volgende:

- * Ware mans is taai, hulle huil nie.
- * Ware mans laat niemand vir hulle sê wat hulle moet doen nie.

'n Ander beskouing:

- * 'n Man is die teenoorgestelde van 'n seun - nie die teenoorgestelde van 'n vrou nie.
- * Jy word 'n ware man wanneer jy die eienskappe van 'n kind aflê.

Paulus skryf: "Toe ek 'n klein kindjie was, het ek soos 'n klein kindjie gepraat, soos 'n klein kindjie gedink, soos 'n klein kindjie geredeneer, maar nou dat ek 'n man geword het, het ek die eienskappe van 'n klein kindjie afgelê."

Al was jou kinderjare nie ideaal nie, is jy nie tot 'n mislukking gedoem nie. Enige persoon kan bo sy of haar omstandighede uitstyg. Jy kan kies om koning Dawid se raad aan sy seun Salomo te volg: "Jy moet sterk wees en wys dat jy 'n man is." - 1 Konings 2:2

Ons gaan die jaar tydens die Belewensweek se seunsaand en dogtersaand (Donderdag 12 April 2018) fokus op die temas rondom man wees.

U sal agterkom dat ons baie opgewonde is oor 2018 en dat ons alles gaan doen om nog 'n groter verskil te maak. Ek glo ook as ons hierdie jaar dieselfde doen as in 2017, dan groei ons niks en is daar nie vordering nie. Kom ons werk saam aan hierdie vooruitsigte en ons maak HTS Drostdy die beste skool **VIR** die land.

Uit die Finansiële Kantoor

Betaling van Skoolgeld & Koshuisgeld

Dankie aan al die ouers wat gereeld hul verpligting ten opsigte van die skoolgeld en koshuisgeld nakom. Dit stel die skool in staat om steeds gehalte onderrig en gerieflike koshuisinwoning aan ons leerders te bied. Sonder ouers se volle ondersteuning sal die skool nie in staat wees om bykomende personeel in diens te neem en noodsaaklike onderhoud en instandhouding te doen nie.

Om die skool doeltreffend te laat funksioneer, het ons die samewerking van alle ouers nodig - betaal asseblief gereeld u skoolgeld en losiesgeld. Rekeningstate word maandeliks aan ouers gestuur. Indien u nie 'n rekeningstaat ontvang het nie, kontak asseblief vir mev Annalize Thiart en bring dit onder haar aandag. Dit is dus nie 'n geldige rede om nie u skoolgeld en/of losiesgeld te betaal nie. Ons maak staat op u samewerking.

Bewyse van **ALLE** inbetalings moet **SLEGS** aan mev Annalize Thiart (**debiteure2@htsdrostdy.co.za**) gestuur word. **Gebruik asseblief die korrekte verwysing met inbetalings (u kind se toelatingsnommer en waarvoor die inbetaling gemaak word).**

Aansoek om Vrystelling van Skoolgeld

Indien u van mening is dat u kwalifiseer vir vrystelling en nog nie vorms voltooi het nie, versoek ons u vriendelik om aansoekvorms by mev Annalize Thiart aan te vra en voor of op Woensdag 28 Februarie 2018 in te handig. Geen aansoek om vrystelling van skoolgeld sal verwerk word indien salarisbewyse van beide biologiese ouers nie aangeheg is nie. Indien werkloos, moet 'n beëdigde verklaring voor die SAPD afgeleë en aangeheg word. Sodra aansoeke verwerk is, sal u skriftelik in kennis gestel word. Totdat goedkeuring vanaf die skool ten opsigte van skoolgeld ontvang is, bly u egter vir die volle bedrag verantwoordelik.

Agterstallige Skoolgeld & Koshuisgeld

Heffings ten opsigte van skoolgeld en koshuisgeld word op die eerste dag van elke maand gevoer, aangesien die Beheerliggaam van die veronderstelling uit gaan dat skoolgeld vooruitbetaalbaar is. Rekeninge word maandeliks per e-pos uitgestuur. Ouers wat nie oor e-pos beskik nie, se rekening sal gepos word.

Daar word egter aan ouers die vergunning gegee om maandeliks of kwartaalliks te betaal. Ons herinner ouers vriendelik op 'n gereelde basis, hetsy per telefoon, per e-pos of per sms aan die gelde wat betaalbaar is. Geen debietorder of reëlings is vir die skool 'n waarborg nie en daarom neem ons die vrymoedigheid om ons ouers ten opsigte van die gelde wat betaalbaar is op hoogte te hou.

Let egter daarop dat indien paaiemente nie op die voorgeskrewe datums betaal word nie, die volle uitstaande skool- en/of koshuisgelde vir die jaar opeisbaar en betaalbaar is en oorhandig mag word vir die invordering daarvan.

'n Skriftelike afbetalingsreëling kan met die skool (mev Annalize Thiart - debiteure2@htsdrostdy.co.za) getref word. Indien die skriftelike afbetalingsreëling nie aanvaar word nie, alternatiewelik geen skriftelike afbetalingsreëling getref word indien die skoolgelde agterstallig is nie, sal die uitstaande skoolgelde vir die jaar oorhandig word vir die invordering daarvan en sal die ouer aanspreeklik gehou word vir die betaling van alle regs-koste aangegaan soos per 'n prokureur- en kliëntskaal.

Die skool se bankbesonderhede is as volg:

Bank: ABSA Bank, Worcester

Rekeningnaam: HTS Drostdy

Tjekrekeningnommer: 440 390 145

Takkode: 503-107

Verwysing: Leerder se Toelatingsnommer & Waarvoor Inbetaling Gemaak Word

1. Matriekuitslae (2017)

Ons is baie trots op ons matrieks van 2017. Drostdy spog met 'n 98,9% slaagsyfer en 22 A-gemiddeldes. Daar is 193 vakonderskeidings en 97,3% van die leerders het toelating tot tersiëre studies.

Die volgende leerders verwerf A-gemiddeldes:

Astrid Bothman (Toppresteerder - 95% met 8 A's)

Marië Mathee

Tania Venter

Mariechen Jordaan

Anette Viljoen

Anke Zeeman

Carla Brink

Seonaid Strydom
Madré Burden
Albert le Roux
Nola Mulder
Pieter Möller
Corné de Villiers
Jody Franken
Michelle Orton
Jani Janse van Rensburg
Francois Roos
Helene du Toit
Joh-Mari Marais
Berto le Roux
Phillip Cornelissen
Eduard Conradie

Baie geluk aan al ons matrieks van 2017. Baie sterkte en voorspoed met jul toekomsplanne. Ons hou julle vordering met belangstelling dop.

2. Skoolkwartale & Tuisnaweke (2018)

Ouers word versoek om kennis te neem van die skoolkwartale vir 2018 en hulle vakansiereëlings só te tref dat leerders nie onderrigtyd verloor nie.

Kwartaal 1: 17 Januarie - 28 Maart

Tuisnaweek: 26 Januarie - 28 Januarie

Tuisnaweek: 23 Februarie - 25 Februarie

Kwartaal 2: 10 April - 22 Junie

Tuisnaweek: 26 April - 1 Mei

Tuisnaweek: 25 Mei - 27 Mei

Kwartaal 3: 17 Julie - 28 September

Tuisnaweek: 8 Augustus - 12 Augustus

Tuisnaweek: 31 Augustus - 2 September

Tuisnaweek: 21 September - 24 September

Kwartaal 4: 9 Oktober - 12 Desember

Tuisnaweek: 26 Oktober - 28 Oktober

Tuisnaweek: 16 November - 18 November

3. Uitteken van Leerders Gedurende Skooltyd

Die dokter besoek die skool op Dinsdae om na alle siek leerders om te sien. Geen doktersafsprake sal dus gedurende die res van die week tydens skooltyd gemaak word nie.

Indien daar een of ander afspraak vir 'n leerder gereël word, mag dit **SLEGS** in die middag na skool wees.

Geen leerder mag gedurende skooltyd uitgeteken word nie! Alle afspraak geskied slegs na skool.

4. Skrywe vanaf NGK Worcester-Vallei

Ouers moet asseblief die aangehegte skrywe van NGK Worcester-Vallei lees.

Geniet die naweek met die kinders tuis.

Vriendelike Drostdygroete

HOOF & PERSONEEL

[Brief \(NGK Worcester-Vallei\)](#)

[WKOD Kennisgewing - Beheerliggaamverkiesing](#)

[Overhex Advertensie \(Elvis Blue\)](#)